

Bybelstudie

25 - 29 Julie 2022

Lukas 11:1-13



Leef om te dien

*By Sonstraal Gemeente is almal welkom –
hier leer ons saam om soos Christus te leef.
Ons is geroep tot: Genade, Gasvryheid en Gestuurdheid.*

Kom tot rus:

- Vind 'n tyd en plek waar jy/julle stil kan wees.
- Sit gemaklik en maak jou/julle oë toe. Haal diep asem, gee aandag aan die gewaarwording van elk van jou sintuie.
- Wees bewustelik teenwoordig.
- Wat is die geskenk wat jy nou ontvang? Luister na jou hart: Waaroor is jy vandag dankbaar?
- Sê vir die Here dankie daarvoor en ontvang die geskenk met jou hele wese.
- Wees 'n rukkie stil voor die Here.
- Vra nou die Here om jou oop te stel om sy stem te hoor wanneer jy uit die Woord gaan lees.

Lees die teks:

Lees Lukas 11:1-13 stadig deur... dalk 'n tweede keer. Ontvang dit en luister met jou hart.

Luister:

Indien jy die teks in 'n groep lees, gee nou geleentheid dat lede met mekaar kan deel wat hulle by die Here ontvang het. Luister met respek na mekaar sonder om te reageer of kommentaar te lewer. Laat elkeen gehoor word.

Agtergrond:

1. Uit Lukas 1:1-4 (Proloog) leer ons dat Lukas nie self 'n ooggetuie van die Jesusgebeure was nie, maar dat hy sy Evangelie geskryf het na deeglike navorsing. Hy skryf goeie Grieks en is daarom waarskynlik 'n goed opgevoede man, moontlik van Griekse afkoms – waarskynlik die enigste nie-Jood onder die evangeliste.
2. Die Markus-evangelie is waarskynlik as een van Lukas se bronne gebruik, en dus is Lukas ná Markus, iewers tussen 70 en 80 nC geskryf – moontlik in Efese.
3. Lukas rig sy Evangelie aan Teofilus, 'n hoog aangeskrewe persoon en goed ingelig rakende die Christelike boodskap, met die hoop dat Teofilus hom sal help met die verspreiding van sy Evangelie – veral na die nie-Joodse wêreld.
4. In hierdie Evangelie is die Heilige Gees, gebed en blydschap ooglopende temas. Lukas gee besondere aandag aan die verontregtes en veragtes van die destydse samelewing. Let op hoe Lukas (meer as ander evangeliste) verhale van Jesus wat saam met sondaars eet, insluit.
5. Ons teks vorm deel van geskryfte rondom Jesus wat op reis is na Jerusalem (hoofstukke 9 tot 19). Gaan gerus deur die opskrifte vanaf Lukas 9 om die opeenvolging in Lukas se Evangelie in herinnering te roep en ons teks binne daardie konteks te plaas. Wat val julle hiervan op?

Grawe dieper:

1. Ons teks begin met 'n verwysing na Jesus wat bid. Dit het die dissipels nuuskierig en leergierig gemaak – om self ook te bid. Hoekom sou Jesus bid? Wat sou Jesus bid? Hoe sou Jesus bid? Wat sou die dissipels so nuuskierig en leergierig maak rondom gebed?
2. As Jesus hulle begin leer om te bid, begin Hy met: “Vader...”. Wat lê opgesluit in hierdie benaming van God – as Vader? Watter eienskappe lê in hierdie metafoor opgesluit? Hoe voel julle oor die gedagte dat God nie as slegs manlik getipeer kan word nie, omdat daar in die Bybel ook talle vroulike beeld gebruik word om oor God te praat, bv. 'n hen wat haar kuikens onder haar vlerke beskerm? Is die metafoor: “Vader” 'n metafoor wat slegs manlike eienskappe dra? Watter ander woorde sou gebruik kon word om “Vader” mee te beskryf?
3. Die gebed wat Jesus leer, begin met U-bedes en eindig met ons-bedes. Hierdie 2 groepe bedes is onlosmaaklik met mekaar verbind. Wat dink julle is die wedersydse invloed van die een op die ander?
4. Lukas verkort die gebed (in vergelyking met die gebed in Matteus 6:9-13) – waarskynlik om klem te plaas op die vergelyking wat hy direk hierna aanhaal, en die verband daarvan met die kern van die gebed, naamlik: “Gee ons elke dag ons daaglikse brood”. Gesels met mekaar oor brood. Almal het lekker stories oor brood! Watter rol speel brood in julle lewens? Wie bak graag brood? Wat is julle gunsteling brood? Watter prente of stories roep brood by julle op – ook buite julle eie huise en gemeenskappe?
5. Die aksie van “gee” speel hier 'n belangrike rol: in die gebed én in die verhaaltjie. Die versoek om te gee is sterk. En die versoek word beantwoord – omdat daar dringend gevra word. Hoe dink julle oor hierdie versoek? Wat beteken dit? Hoe kan/moet ons vra? Waarvoor kan/moet ons vra (en nie vra nie)?
6. “Hoeveel te meer sal die hemelse Vader... gee!”... Wat beteken hierdie uitdrukking? Hoe gee ons as mense? Hoe gee God?
7. Die verrassing is aan die einde van ons teks: God gee... die *Heilige Gees* aan hulle wat Hom vra! Wat beteken dit – dat God die Heilige Gees gee? Is dit waarvoor ons vra? Hoe vergelyk hierdie geskenk met dit wat ons vra? Is dit beter of slegter? Hoekom?

Slotgedagte:

Om die Heilige Gees te ontvang, is ons grootste geskenk. Dit is die geskenk van waarheid, vryheid, God se teenwoordigheid, God se trou, God se regverdigheid, God se roeping, God se lewe, God se wysheid... Gesels met mekaar oor die geskenk van die Heilige Gees in ons lewens. Hoe vul dit ons? Hoe gee dit ons lewens sin en betekenis? Hoe troos dit ons?

Gebod:

Sluit af met gebed. Bid saam die Onse Vader.